

**Sing vooraf staande: Psalm 19:5, 6 (p. 83)**

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.  
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.  
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;  
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 89:1, 3 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

**Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

**Psalm 65:2, 3 (p. 314)**

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:  
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.  
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag  
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

**Gebed**

**Psalm 24:2, 3 (p. 111)**

- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,  
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,  
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.
- 3 Geregtigheid daal op hom neer; / 'n seën verkry hy van die HEER,  
wat stil Hom volg op al sy skrede. / Dit is die ware Israel,  
die volk wat vra na Gods bestel, / en wat Hom soek in hul gebede.

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 2:1-5; 1 Tessalonisense 2:1-16;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 31:83 en 84

**Kernvers:** 1 Korintiërs 2:1-2; 1 Tessalonisense 2:13

**En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.**

(1 Korintiërs 2:1-2 AFR53)

**Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.**

(1 Tessalonisense 2:13 AFR53)

## **Heidelbergse Kategismus**

### **Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?**

*Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit (a).*

*(a) Matt 16:18, 19; Matt 18:18.*

### **Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?**

*Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.*

*(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.*

## **Tema: God se Woord as troos en tug**

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, aan die einde van Sondag 30 bely ons wie aan die nagmaalstafel van die Here moet sit en wie nie aan die tafel van die Here mag sit nie. Mense wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is, mag nie aan die tafel van die Here sit nie. Hulle moet op bevel van Christus met die sleutels van die koninkryk van die hemel uitgesluit word totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys. Hierdie woorde lei tot die volgende vraag in Sondag 31: **Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?**

Voordat ons egter iets meer oor die sleutels van die koninkryk van die hemel kan sê, is dit nodig om eers die volgende te hoor. Teenoor die koninkryk van die hemel of die koninkryk van God staan die ryk van die vors van die duisternis. Die vors van die duisternis is Satan self. Hy wil juis die koninkryk van God ondermyn en ruïneer op elke denkbare manier. En as dit moontlik sou wees, gaan hy selfs probeer om God se koninkryk uiteindelik heeltemal te verwoes.

Wanneer ons sê dat die koninkryk van die hemel deur die ryk van die Satan teengestaan word, moet ons nie verstaan dat dit van ewigheid af so was nie. Die leer dat die lig en die duisternis van ewigheid af teenoor mekaar staan, het sy oorsprong in die heidense godsdienste. Volgens hierdie leer bestaan die kwaad en die slegte onafhanklik van God

van ewigheid af. Dit is egter nie wat ons in die Woord van God leer nie. Die Heilige Gees leer ons in die Bybel dat God alles geskep het en dat Hy dit baie goed geskep het. Die Satan is ook deur God geskep en hy was een van God se goeie engele.

In Artikel 12 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons soos volg:

***Sommige van die engele het uit die verheuenheid waarin God hulle geskep het in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.***

***Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.***

Die Satan het 'n derde van die engele met homself saamgesleep in die verderf in (Openbaring 12:4). Sedert sy verwoestende gesprek met Eva in die tuin van Eden het die duivel sy mes in vir alles wat aan God behoort. Deurdat ons eerste ouers geval het vir die slimpraatjies van die Satan en gewillig agter hom aan geloop het, is alle mense van nature so verdorwe dat ons almal in sonde ontvang en gebore word. Ons almal kom in hierdie wêreld in as vyande van God.

Ons God is barmhartig en genadig en van ewigheid af wil Hy mense hê wat Hom dien in alle opregtheid. Daarom het Hy uit die ganse mensdom vir Hom mense uitgekies wat Hy deur sy Gees en Woord na Christus toe trek deur wie Hy hulle van die mag van die sonde en die heerskappy van die duivel verlos. En hierdie mense vergader Christus in die eenheid van die ware geloof in 'n gemeenskap wat Hy sy kerk noem. Die kerk is dus die koninkryk van God wat hier op die aarde hoe langer hoe meer sigbaar word omdat die Heilige Gees hierdie mense heilig maak.

Daarom spreek dit tog vanself dat hierdie vyand van God en Christus uit die kerk uitgehou moet word. Geliefdes, ons gaan mos nie iemand van wie ons weet dat hy of sy 'n rower en moordenaar is in ons huise ontvang en onthaal nie. Ons weet mos dat so 'n persoon daarop uit is om te roof en dood te slaan. Daarom mag ons ook nie die vyand van die Here in ons midde toelaat nie. Omgekeerd beteken dit dat in die kerk slegs hulle toegelaat moet word wat werklik lede van God se koninkryk is.

Die beeld wat hier voor ons opgeroep word, is dat die koninkryk van God 'n ommuurde vesting is wat slegs vir die ware gelowiges oopgesluit word, maar vir die skyngelowiges, ongelowiges en goddeloses toegesluit word, sodat hulle geen toegang daartoe kan verkry nie. En die Een wat die koninkryk van God vir die ware gelowiges oopsluit en vir die ongelowiges toesluit, is Christus Jesus ons Here. Slegs deur Hom kan ons in die koninkryk van God kom, want Hy is die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6). Maar nou het Christus 'n besondere manier gekies waarop Hy die koninkryk oop- en toesluit. Hy het die sleutels van die koninkryk van die hemel aan die kerk gegee.

Daar is net twee sleutels, naamlik die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie sleutels word die koninkryk vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit. Maar die kerk kan en mag hierdie sleutels nie eiewillig gebruik nie. Slegs aan die hand van die Woord van God en onder leiding van die Heilige

Gees kan en mag die kerk die koninkryk oop- en toesluit. Wanneer die kerk dan waarlik in liefde met die Woord van God en onder leiding van die Heilige Gees hierdie sleutels gebruik, sê Jesus, sal dit wat hier op aarde oopgesluit word in die hemel oopgesluit bly en wat op die aarde toegesluit word in die hemel toegesluit bly (Matt 16:19; 18:18). In die lig hiervan sal ons goed besef watter verantwoordelike opdrag dit is wat die Here aan ons – sy kerk – gegee het. En met *kerk* word nie net die kerkraad bedoel nie, maar elke gelowige lidmaat van Christus Jesus.

Vanoggend luister ons eers hoe die eerste sleutel van die koninkryk van die hemel werk en gebruik word, naamlik die verkondiging van die heilige evangelie. Hierdie eerste sleutel is inderwaarheid die een manier van die gebruik van God se Woord terwyl die Christelike tug die ander manier van die gebruik van God se Woord is. Die Christelike tug mag immers nooit sonder die Woord van God plaasvind nie, anders is dit blote straf wat een mens op 'n ander mens toepas. Daarom sê ons dat die eerste sleutel God se Woord as troos en tug en is, want die verkondiging van die heilige evangelie sluit die koninkryk van die hemel oop en toe.

Tans kry 'n mens egter bykans wêreldwyd 'n geringskating van die verkondiging van die evangelie. Aan die een kant hang hierdie tendens saam met die hele proses van sekularisasie. Sekularisasie is die proses waarin die mense 'n lewe en 'n wêreld sonder God wil hê. Dit wil sê 'n God-lose en uiteindelik 'n goddelose lewe en wêreld. Maar die geringskating van die verkondiging van die evangelie is nie net buite die kerk nie. Aan die ander kant lê die oorsake daarvan soms ook by die lidmate en/of die predikers.

Daar is dan vandag party mense wat nie na die verkondiging van die evangelie wil luister nie omdat hulle die prediking slegs as die opinie van 'n mens beskou. Hulle meen dat hulle hulle eie opinies kan vorm na aanleiding van die Bybel en hoef daarom ook nie te luister na die verkondiging van die evangelie nie. Hierdie gedagte word by mense versterk as predikante hulle persoonlike voorkeure en afkeure op politieke, maatskaplike en ander terreine in die prediking laat deurskemer, in plaas daarvan om die evangelie suiwer te verkondig. Daarom moet predikers en hoorders deeglik ag gee op veral die gesag en die inhoud van Woordbediening.

Die bediening van die Woord het Goddelike gesag juis omdat dit die Woord van God is wat verkondig word en nie die woord van 'n mens nie. Uit albei die briewe van Paulus wat ons gelees het, hoor ons dit. Aan die Korintiërs sê Paulus dat hy nie met voortreflikheid van woorde of van wysheid hulle in Korinte oortuig het nie. So baie mense hang predikers aan juis omdat hulle sulke hoë taal en groot geleerdheid in hulle woorde openbaar. Omdat hulle nie die predikers kan teëgaan nie, want hulle kan nie ook sulke hoë woorde en groot geleerdheid gebruik nie, eet hulle alles wat hierdie predikers sê vir soetkoek op.

Maar Christus het nie die geleerdheid van mense nodig om mense te oortuig nie. Hy doen dit self met sy Woord deur die kragtige werking van sy Heilige Gees. Daarom moet die prediker slegs verkondig wat die Here openbaar en dit onder leiding van die Gees toepas in die lewe van die gemeente en elke gelowige. Die prediker is bloot die saaiër. God is die een wat laat groei en vrug dra.

Ook vir die Tessalonisense sê Paulus:

**Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo. (1 Tessalonisense 2:13 AFR53)**

Die Tessalonisense het juis die verkondigde evangelie as God se Woord ontvang en aangeneem omdat Paulus nie met heuningkwaswoorde die Tessalonisense van die waarheid van God probeer oortuig het nie. Soos 'n pa met sy kinders doen, het Paulus ook gedoen. Soos wat dit nodig was, het hy hulle bemoedig en aangespoor om hulle lewe volgens God se Woord in te rig. Hy het 'n reguit en liefdevolle pad met hulle geloop soos 'n pa met sy kinders.

'n Preek wat dus suiwer verkondig wat die Here openbaar en dit duidelik toepas in die lewe van die kerk het Goddelike gesag. Dit is wat die Here sê en het daarom Goddelike gesag. Hieruit volg dan dat 'n preek nie maar net 'n stigtelike woord, 'n wetenskaplike verhandeling of 'n sedeles kan wees wat hier en daar 'n paslike woord uit die Bybel aanhaal nie. 'n Preek moet 'n mededeling wees van wat God vir sy gemeente sê – 'n proklamasie op gesag van die Seun van God.

Omdat 'n preek dan 'n mededeling moet wees van wat God vir sy gemeente sê, het dit groot implikasies vir die prediker en hoorders. Die prediker moet hom biddend verdiep in die Woord van God sodat hy self eers goed kan hoor wat die Here sê, voordat hy dit wat hy gehoor het aan die gemeente kan sê. Daarom is aanhoudende en volgehoue Skrifstudie en gebed vir hom uiters noodsaaklik. Die prediker wat homself nie so aan die Heilige Gees se onderrig onderwerp nie, loop die gevaar om 'n valse profeet te word. Dan is sy prediking nie meer 'n sleutel van die koninkryk van God waardeur Christus die koninkryk oop- en toesluit nie.

Die suiwer verkondiging van die evangelie plaas ook 'n groot verantwoordelikheid op die hoorders – die gemeente. As God praat, moet ons luister – gereeld en met oop ore en oop harte – sodat ons kan gaan doen wat die Here vir ons sê. Paulus dank God gedurig juis omdat die verkondiging van die evangelie 'n uitwerking gehad het op die Tessalonisense. Hulle het nie gerieflikheidshalwe vergeet wat hulle gehoor het nie; hulle het wat hulle gehoor het uitgeleef.

Broers, susters en kinders, omdat die verkondiging van die evangelie nie net op die skouers van die prediker rus nie, moet ons op nog twee sake let. Eerstens, die sleutel waarmee Christus oop- en toesluit, is in die hande van die hele kerk. Deur elke gelowige wat vir homself of vir iemand anders uit die Bybel lees, is Christus besig om die koninkryk van God oop of toe te sluit. Tweedens moet die lidmate ook aanhoudend bid dat die prediker so deur die Heilige Gees gelei sal word om die evangelie aanhoudend suiwer te verkondig. En wanneer die evangelie verkondig word, luister hulle meelewend. Dit beteken ons toets die preek aan die Woord van God, en as dit ooreenstem met die Here se Woord, doen ons wat die Here sê, want die preek het dan Goddelike gesag.

Die verkondiging van die evangelie waardeur Christus die koninkryk van die hemel oop- en toesluit het ook 'n bepaalde inhoud. Paulus sê dit baie duidelik aan die Korintiërs:

**Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.** (1 Korintiërs 2:2 AFR53)

Slegs wanneer Jesus Christus as die enigste Redder en Verlosser verkondig en aangeneem word, kan 'n mens in die koninkryk van God kom. Dit bring ons dan by die oop- en toesluitaksie van die verkondiging van die evangelie.

Aan die gelowiges gesamentlik in die erediens en afsonderlik op huisbesoek word verkondig en openlik betuig dat hulle sondes hulle vergewe is ter wille van Christus se verdienste en dat die poorte van die koninkryk van die hemel vir hulle wyd oop is. Ons

het aanhoudend nodig om hierdie troosryke woorde van ons God te hoor, want ons kan tog so maklik dink dat hierdie of daardie sonde en swakheid ons verhinder en diskwalifiseer om in die koninkryk in te gaan. Maar deur die verkondiging van sy evangelie maak Christus dit juis duidelik: so dikwels as wat ons die beloftes van sondevergifenis met 'n ware geloof aanneem, so dikwels beleef ons opnuut en meer en meer dat die koninkryk van God vir ons oop is. Omdat Christus vir die ware gelowiges die koninkryk oopsluit, kan geen sonde of swakheid wat teen hulle wil in hulle oorgebly het hulle verhinder om die ewige lewe te beërwe nie.

Daarenteen word deur dieselfde verkondiging van die evangelie aan die ongelowiges en skyngelowiges betuig dat God se toorn en ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie. In hierdie dae van menseregte en vredeliewendheid waarin ons leef, klink hierdie woorde vir baie mense hard. Maar dit is meer as hard; dit is pynlik en hartverskeurend om vir iemand te sê dat sy volharding in sy sonde veroorsaak dat Christus hom met sy evangelie uit die koninkryk gaan uitsluit.

Sommige lidmate wil nie na sulke vermanende woorde luister nie omdat God volgens hulle 'n God van liefde is. Maar hulle vergeet dat Hy ook 'n regverdige God is wat eis dat sy kinders heilig en onberispelik moet lewe. Dan gebeur dit baie maal dat sulke lidmate wat nie na die vermanings van die Here wil luister nie dreig om hulle bydraes terug te hou of selfs gemeenskap met die kerk op te sê. Ongelukkig kom predikante dan as gevolg van sulke optrede van lidmate in die versoeking om die oordeel en regverdigheid van God te versag in die prediking of heeltemal daarvoor te swyg. So 'n predikant versak dan sy roeping om die heilige evangelie suiwer te verkondig. En as die sondaar verlore gaan omdat die prediker geswyg het, sal die Here van die prediker rekenskap eis oor daardie sondaar se lewe.

Die volle raad van God moet verkondig word. Die bediening van die heilige evangelie bestaan nie net uit troos of net uit tug nie, maar uit al twee. So het Christus Jesus ons Here immers ook die wil van God verkondig. In sy onderrig aan Nikodemus verkondig Hy die redding wat God gestuur het, naamlik dat almal wat in die Seun van God glo, gered sal word en nie verlore sal gaan nie (Joh 3:16), en in dieselfde preek sê Hy ook:

**maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.** (Johannes 3:36 AFR53)

Daarom, geliefdes, sal 'n preek waarin die evangelie suiwer verkondig is en waardeur Christus die koninkryk van die hemel oop- en/of toegesluit het hierdie uitwerking by die hoorders hê – óf die hoorder gaan huis toe met die heerlike en vertroostende wete dat al sy sondes om Christus ontwil vergewe is, óf die hoorder gaan huis toe met die angswekkende en benouende wete dat die toorn van God op hom rus en dat hy hom moet bekeer – dadelik en sonder uitstel – sodat hy ook weer die troos uit die heilige evangelie mag beleef.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul bekleed met sterkte en onverwinnbare mag.  
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoel, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.  
Want God is ons 'n skild, die weerkracht van ons lewe; / en onse Koning is deur Israel's God gegee.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
7 September 2014